

SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting



Naam en van: Susan Cilliers

Universiteit: Noordwes-Universiteit

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

Studierigting:

Kommunikasiekunde, spesifiek joernalistiek.

**Titel van proefskrif of
Verhandeling:**

Gehalte-beriggewing in die buitekantoor van 'n Suid-Afrikaanse dagblad

Datum van afhandeling:

Februarie 2018

Uitslag:

70%

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

Die graad word amptelik tydens die Mei-gradeplegtigheid toegeken.

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Die medialandskap het die afgelope twee dekades dramaties verander weens hoofsaaklik tegnologiese vooruitgang. Die digitale rewolusie het geboorte gegee aan die internet. Dit het 'n hele nuwe wêreld geskep waar elkeen met net 'n selfoon toegang tot nuus op elke kontinent het. Sosiale media soos Facebook, Twitter en Instagram, asook interaktiewe nuuswebwerwe, maak dit boonop vir elkeen moontlikom 'n mening oor elke denkbare onderwerp te lug. Die digitalisering van nuus het ook veroorsaak dat die sirkulasie van koerante wêreldwyd aan die daal is en nuuskantore met ál minder joernaliste moet klaarkom. Al dié veranderinge veroorsaak dat joernaliste nuus toenemend vinniger vir aanlyn nuuswebwerwe moet produseer en gehoor gee aan die eise van 'n baie betrokke gehoor wat self ook die nuusagenda wil bepaal. Joernaliste wat nuus alleen in 'n groot gebied moet dek, soos buitekantore van Suid-Afrikaanse dagblaie, spring dié druk nie vry nie. Terwyl dit nog altyd 'n uitdagende taak was om so 'n kantoor alleen te bestuur teen die spoed van daaglikse spertye, is dié spertye nou soms selfs uurliks soos wat nuus breek en vir aanlyn platforms geskryf moet word. Hierdie verkennende studie fokus op hoe buitekantoorjoernaliste by Suid-Afrikaanse dagblaie hul direkte omgewing kan bestuur om aan tegnologiese eise te voldoen sonder om gehalte prys te gee. 'n Stelsel-en-prosesgegronde benadering is gevolg om hul dagtaak as verskillende prosesse te beskryf, voordat dié prosesse ontleed is. Eindelik is tot die gevolgtrekking gekom dat buitekantoorjoernaliste met die nodige insette wel prosesse kan volg wat gehalteberiggewing behoort te verseker. Praktiese riglyne is opgestel op grond van die studie se bevindings oor dié prosesse om joernaliste in buitekantore en nuusbestuurders te help om sulke kantore doeltreffend te bestuur.